# HEBREËRS 4:1-11

**TEMA:** **SABBATSRUS**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 4:1-11

**Heb 4:1 Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.**
**Heb 4:2 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.**
**Heb 4:3 Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.**
**Heb 4:4 Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus;**
**Heb 4:5 en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.**
**Heb 4:6 Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,**
**Heb 4:7 bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.**
**Heb 4:8 Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie.**
**Heb 4:9 Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;**
**Heb 4:10 want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.**
**Heb 4:11 Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.**

-o0o-

### 1. WAT IS HIERDIE RUS?

Heb 4:1 Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.

Laat ons **vrees,** nie net bang wees nie maar *VREES.* Hy het gesweer dat hulle nie in Sy rus sal ingaan nie.

Heb 3:18-19 En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie**.**

- **Die ongehoorsames aan God sal die rus van die Here nie ingaan nie***.*

Ons moet vrees dat ons nie sal agterbly nie. Die samelewing van vandag tree op asof alles net geluk en vrede is. Almal gaan maar net aan en vertrou die Here moet en sal verstaan. God is nie aan ons onderworpe nie maar ons aan Hom. Die lewe is gebou rondom die vleeslike en materiële dinge en nêrens sien ons regtig die vrees vir die Here nie.

-o0o-

- **Sonder die geloof in Sy evangelie kan ons nie in Sy rus ingaan nie.**

Nie my of jou denke, emosies en begeertes nie sal ons die rus gee nie. Slegs die geloof in Sy evangelie – die bediening, die verbond wat Hy gemaak het in die bo-vertrek toe Jesus gesê het:

"*Dit is My liggaam, Ek het die herstelproses kom doen, alles kom doen wat die Vader gesê het Ek moet kom doen. Ek het die versoening gebring van God die Vader, na die mensdom toe. Hier is die manier hoe julle in die verbond verder moet lewe. Doen dit dan nou alles wat Ek julle geleer het*."

Sy Raadsplan het ons terug in lyn gebring sodat ons volgens Sy reëls moet handel.

## 2. HARTSVERANDERING

**Heb 4:2 Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.**

### A. Die Evangelie Verkondig.

Let daarop dat die boek Hebreërs handel oor mense wat sê hul is kinders van God, maar een is gehoorsaam en 'n ander een is ongehoorsaam. Die hele volk het uit Egipte gekom, gered van die slawerny maar voortdurend ook ongehoorsaam. (Exodus). Derhalwe praat hy nie van verlorenes nie, maar wel van die wat gered en steeds nog ongehoorsaam is aan die evangelie.

### B. Verander jou Lewe

Hulle het die Woord nie aangeneem of die evangelie nie hul lewenswyse gemaak nie. Hulle is wel hoorders van die Woord, maar die Woord verander nie hul lewe nie.

- Die Woord moet ons verander en terugroep uit die sondige natuur, die vlees kruisig sodat die roeping van God in ons sal voortlewe.
- Ons elkeen is 'n stukkie bousteen van die Verbond.
- Ons moet terugkom in die wil van God; doen wat die Vader sê ons moet doen.
- Ons moet nie net hoorders word nie maar ook daders.

## 3. GOD IS ERNSTIG

**Heb 4:3 Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.**

Daar was niemand anders om mee saam te sweer nie daarom het God het by Homself gesweer. As God by Homself sweer is dit die hoogste vorm van werklikheid, eerlikheid, versekering en opregtheid in die ganse heelal en Hy bedoel dit ernstig. Hy het in Sy Toorn gesweer dat hulle NIE in Sy rus sou ingaan. Dit moet verskriklik wees! Wanneer God sweer, kan jy verseker wees " sowaar as wat Ek God is, dit sal gebeur". Heb 6:13 Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer.

Sy werke is klaar in die *geestelike* ryk (realm) geskei. Dit is vir my en jou om die werke in die *fisiese* ryk te voltooi. Ek en jy het 'n plek (doel) om te vervul sodat ons uit die lewe geneem kan word om in Sy rus te kan gaan.

## 4. DIE HORLOSIE TIK VOORT

**Heb 4:4 Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus;**

-o0o-

Ons weet nie hoe lank Adam en Eva die tuin bewoon het. Die tyd het begin tik die oomblik toe Adam en Eva uit die tuin van Eden verban is.

**Daar het 6 dae verby gegaan:**
- Ons is aan die einde van die 6de millennium. Die tyd het uitgeloop.
- Ons is besig om oor te stap na die 7de millennium. Daar is nie meer tyd nie. Ons kan nie meer dink môre is nog 'n dag nie. Die tyd het oorryp geword.
- Die koms van Jesus is so naby. Dinge gebeur nou.
- Die val van die hoer is voor die deur. Oordeel gaan kom, en is die mens reg? Waarop is die mens se huis gebou? Dan gaan dit vir ewig te laat wees.

**Die 7de dag is die dag van die millennium** – die dag van 1000 jaar se vrederyk waar ons saam met Christus op die aarde gaan heers.
- Die wegraping vind plaas, die Bruid word kom haal, nie die ander gelowiges nie
  - Dit is net die Bruid en Sy Liggaam wat in Sy dood gedoop is, wie met Hom saamgaan. Hulle wat in die verbond lewe waarmee Hy die mensdom versoen het. Net hulle wie gehoorsaam was en die Here gedien het soos Hy bepaal het, sal ingaan.
- Ons gaan net vir 7 jaar hemel toe dan kom ons terug om vir 1000 jaar op die aarde te heers. (Openbaring 19)
- Satan word gebind vir 1000 jaar.
- Dit is die 1000 jaar, die 7de dag van rus wanneer Christus Jesus en Sy bruid vir 'n 1000 jaar op die aarde sal heers.
-

### 5. <u>ONGEHOORSAAMHEID LAAT JOU AGTERBLY</u>

**Heb 4:6 Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,**

Die evangelie is verkondig aan mense en daar is mense wat sal ingaan en ander wat nie sal ingaan nie.

**Aan watter kant staan jy?**
*Die leuen wat aan ons verkondig is, dat almal wat Hom aangeneem het is op pad hemel toe*. Neem kennis, dit is 'n leuen!
- Lewe jy in die verbond geskrywe met bloed soos die Vader dit volkome geskrywe het in sy volkome woord, in die volkomendheid van Christus Jesus. Hy is die vervolmaking van al die verbonde van die Ou Testament. In Christus het alles nuut geword.

Kan jy sê: In Christus is ek 'n nuwe skepsel.
Die Vader het vir ons die voorbeeld kom stel.

Hoe staan jou saak. Waar staan jy?
Hoe staan jy in plek van hierdie verbond?
Deursoek jou lewe en kyk diep in jou binneste.

Mense moet begin vrees. Mag die vrees van die Here op elkeen val wat die woord hoor.
Is my lewe regtig in die verbond of nie.
Is ek besig om te hoereer met die dinge van die wêreld en met die vlees, of is ek besig om te lewe volgens die wil van God soos Hy voorgeskryf het in die Woord van Jesus Christus, in die volkomendheid van die hele verbond.

-o0o-